
Vir al u
TRAPFIETSE, N.S.U.-BROMFIETSE, BROMPONIES, MOTORFIETSE, ONDERDELE, en HERSTELWERK,
besoek — PARK FIETSWINKEL
(F. F. Tranter)
H/v. Van Riebeeck- en Lombardstraat. Foon 995
Asook: KRUIDENIERSWARE EN VARS PRODUKTE

Alle Gekysdes en Verloofdes! ! ! !



Bevorder U Sake . . . . .
Kom na
MALAN MEUBILEERDERS
Kerkstraat 112 Telefoon 2157



DIENS!
OP DIE PUNTE VAN ONS VINGERS . . .
Mooirivier-Apteek
Kerkstraat 205. Telefoon 380.

Uit die mond van die suigeling . . . . !



Dameth en Heerge
Die Bult Apteek
IS TOT U DIENS
Vlak onder u Neus
Tomstraat 86 Tel. 3091



Claustrophobia ?
★
IS U BEKOMMERNIS DIE WOORD „STUDIE"?
MAAK DAARDIE WOORD INTERESSANT EN DUIDELIK —
KOM NA
PRO REGE PERS
DIE
POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL
Kerkstraat 95 — Tel. 1164
BOEKHANDEL ANTIKWARIAAT

# VLOTINDELING VIR VREUGDEDAG

Die Vreugdedagkomitee het die volgende indeling van vlotte vir VREUGDEDAG 1959 aan DIE WAPAD verstrek:

Dawie Doep werk saam met Klawerhof en is verantwoordelik vir die totstandbringing van 4 vlotte, waarvan een die Puk-vlot sal wees. Heimat, saam met die mooiste deel van Kulu se dames, sorg vir vlotte.

Die ander mooiste deel van Kulu span saam met die bewoners van die streek oos van die neutrale gebied, oftewel die visdam. Moet nou nie hier verkeerd lees en dink die dames werk saam met die visse nie. Dit is nie die bedoeling nie. Ek bedoel eintlik dat hulle saam met die bewoners van die streek oos van die neutrale gebied, oftewel die visdam, werk.

Die twee ou klein koshuisies van die P.U., Uitspan en 'Vleuel, lewer saam slegs 2 vlotjies, onderskeidelik saam met die eerste deel van Piet Grobler se dames en die (n—n/2)e deel van Piet Grobler se dames, waar **n** die getal dames woonagtig in Piet Grobler, voorstel.

Twee hofvlotte word ook gebou: een deur die Tokkelokke en een deur die Regsdepartement (se studente).

Of eersgenoemde vlot sal klaarkom, val te betwyfel, aangesien daar die Vrydagaand op die terrein van die bouery verversings te koop aangebied sal word (sien berig elders op die bladsy), en nouja, Tokkelokke is mos maar lief vir (koel) drankies.

Dit blyk dat die dorpstudente buite slag gebly het: hulle bou darem ook: Dit sal 'n tamaai vlot wees!

Daar het u dit dus: 14 vlotte. As u optel kry u 13; maar die A S.O. bou ook een!

---

# Vlotbouery In Beter Gees Geldpryse

Die vlotbouery behoort Vrydagaand teen 'n tempo van 14 vlotte per nag te verloop, want die Vreugdedagkomitee het gepoog om met 'n tiekieaand die lot van die swoegendes te verlig. Verversings sal verskaf word (in ruil vir geld) en die rondbewegende skare handeldrywers behoort 'n gesellige atmosfeer te skep. Of dit egter so gesellig gaan wees vir dié wat maar aan die vlotte moet werskaf, is moeilik om te sê. Dit sal seker maar meer 'n geval van aanskou en begeer wees. Aan die ander kant behoort die tiekieaand studente te lok wat andersins nie eens daar naby sou gekom het nie. Hulle sal darem nou ingespan kan word as hulle eers in sig is.

### EERSTEJAARS.

Hier is nou die kans om 'n indruk te kom maak op die ouhere en veral die oudames. Wys ons hoe julle vingeralleen tamaai stellasies op vragmotorbakke kan opslaan, en julle sal met roem oorlaai word. Oudames hou van spiere. Sorg dus maar dat julle almal daar is. Die ouhere **het** spiere.

### GELDPRYSE.

Saterdagoggend, voor die vlotte na die dorp vertrek, vind die gewone beoordeling van vlotte en kollektante plaas. Pryse sal toegeken word aan wenners, wat beoordeel sal word volgens oorspronklikheid, beste afgerondheid en lagwekkendste. Dit geld vir kollektante en vlotte.

die wapad

Redaksie en Administrasie

| | | |
|---|---|---|
| HOOFREDAKTEUR en INTERUNIVERSITÊRE AANGELEENTHEDE | Nesco du Toit | 2911. |
| ONDER-HOOFREDAKTEUR en SPORT | Idyll van der Walt. | 2560. of X047. |
| NUUS | Dewald Roode en Frans van der Vyver | 1566. 1366. |
| KUNS | Enid Rautenbach | 1385. |
| VARIA | Proffie van Vuuren en Bets Coetzee | X041. 0013. |
| SPOTPRENTTEKENAAR | Ben van der Walt | 8611. |
| FOTOGRAWE | Johan van der Merwe en Marieke van der Merwe | 19. 281. |
| TEGNIESE ADVISEUR | Gouws Oberholzer | 2162. |
| SIRKULASIEBESTUURDER | Rassie Smit | X042. |
| ADVERTENSIEBESTUURDER | Bennie Bierman | 1188. |
| PENNINGMEESTER | Jan Kense | X09. |
| TAALADVISEUR | Dr. Hertzog Venter | |

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.
VRYDAG, 17 APRIL 1959

Gedruk deur ENSLINS, Potgieterstraat 31, Potchefstroom.



# REDAKSIONEEL
## VERBODE LEESSTOF

**Daar is niks soos die eet van gras as jy hoofpyn het nie.**

U mag natuurlik gelyk hê, maar ek glo nie dis **ek** wat haserig begin word nie.

Dis u wat moet leer lees.

Wat **u** nou net hierbo gelees het, het **ek** nie geskryf nie.

Ons is mos chronies toe as ons Afrikaans lees.

Dis tyd dat dit tot ons deurdring dat daar iets is soos ‚lees agter die lees'.

Daar kom tye wanneer taal en woorde — hoe hulle ook al ingespan word — 'n begrip nie letterlik kan oordra nie.

Dis dán wanneer jy die taal moet ‚proe'.

Of jy kry 'n verdwaasde blik in jou oë en bly — net waar jy is.

Of jy kry hoofpyn.

En dan is daar niks soos die eet van gras nie.

En hierdie is **nie** my bydrae tot die taalfees nie.

## DIE A.S.B.

— het weer 'n kongres gehou.

Koerante skryf oor sulke dinge. Die 'Pad ook.

Maar mense lees nie sulke dinge nie. Mens kies 'n Bestuur en dan lees die Bestuur die dinge en die Bestuur behartig die dinge.

Wat is dan anders die nut van 'n Bestuur?

'n Mens moet jou aandag aan jou studie wy. Daar is vir die ernstige student, geen tyd vir beuselagtighede nie.

Hoe gaan ons dan anders geleerdes lewer wat op hoogte van sake is?

## In 't Lig

**Rom. 13 : 12 — Die nag het ver gevorder en dit is amper dag. Laat ons dan die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig aangord.**

Hierdie woorde van Paulus aan die Romeine behou vir ons ook steeds hulle aktuele betekenis.

Nadat hy hier die tyd waarin ons lewe aangetoon het, dui hy ook die aard van ons lewe en die wyse om dit tot sy reg te laat kom, aan.

Die tyd waarin ons lewe, is tussen die dag en die nag. Ons leef nie meer in die nag van sonde en onwetendheid nie, maar ook nog nie in die volle dag nie. Deur ons kennis van die volle dag, van ons toekomstige lewe in heerlike gemeenskap met Christus, leef ons in die oggendskemering. Met die eerste koms van Christus het die nag al vir ons begin wyk. Die volle dag sal vir ons aanbreek met sy tweede koms.

En omdat die dag aan die kom is, moet ons ook ons bose werke aflê, want dit kan die toets van die lig van die volle dag nie deurstaan nie.

Ons lewe word egter nie net so negatief aangedui nie. Die aard van ons lewe word positief aangedui as stryd. In die stryd staan ons in diens van Christus. Dit is **sy** stryd. Omdat die duister vir ons wyk, moet ons hele lewe ook dienooreenkomstig in die teken van die stryd van die lig teen die duisternis staan.

En die wyse waarop die stryd tot sy reg moet kom, is deur die aangord van die wapens van die lig. Daarmee word die aard van ons stryd ook duideliker, want die wapens van die lig is die goeie, ingetoë en kuise werke wat vir ons uit die geloof voortspruit. Elders (in Efes. 6) word die volle wapenrusting van God, wat ons moet opneem in die stryd teen die „bose geeste in die lug", uitvoerig geteken.

Ook in ons studentelewe, in ons hele optrede as studentegemeenskap, kom hierdie oproep tot die stryd duidelik tot ons. Ons moet daarom gehoorsaam. Ons hele optrede moet in die lig daarvan staan en moet daarom goed deurdink en beplan wees in die lig van ons uit Gods Woord verkreë beginsels. En in ons welbewuste optrede moet ons ook weet dat dit nie om onsself of om ons studentegemeenskap in die eerste plek gaan nie, maar om die eer van God: Maranata — ons Here kom, en met Hom die lig van die volle dag.

E. J. S.

# Wat van die Studentepers?

Waarom word daar van die kant van die A.S.B. nie meer aandag gegee aan die Studentepers in Suid-Afrika nie?

'n Byeenkoms van Redakteurs van die verskillende Studentepublikasies kan alleen van die uiterste waarde wees vir die saak van die Afrikaanse Student — waarom is daar nie aandag aan gegee nie?

Die Studentepers in S.A. het besondere probleme — beide materieel en andersins.

Tot nog toe het die verskillende koerante van die verskillende inrigtings hulle streng gehou aan kleinplaaslike bedrywighede en belangstellinge van die besondere inrigting.

Reeds is daar egter 'n tendens merkbaar om wyer te gryp.

Hoe wyd kan en moet dit gaan?

Wat is die eintlike karakter van 'n studenteblad en wat behoort dit te wees? Hoever kan mens dit waag?

Hierdie en nog talle ander vrae kwel menige redaksie en gee menige Hoofredakteur grys hare.

In talle oorsese lande neem die studentepublikasies 'n leidende aandeel in die stryd van 'n volk met sy probleme.

Is dit nie korrek nie?

Is dit nie die taak van die studente van hoëre studie-inrigtings om die toestande van hulle land en die probleme van hulle volk ernstig op te neem en 'n leidende standpunt in te neem nie?

Inderdaad 'n probleem wat veel wyer strek as wat die paar sinne hierbo kan impliseer. Moet die nuwe hoofbestuur nie ernstig aandag skenk aan die instelling van so 'n onderdeel van die Kongres nie?

## Algemene Indrukke

Opvallend was die leidende aandeel wat die P.U. en Stellenbosch in die besprekings en algemene werksaamhede geneem het. In dieselfde asem moet egter die Tukkies bygehaal word. N.K.P. was puik gashere.

Rassie Smit (P.U.), Beyers Roelofse (U.S.), Hennie v. d. Walt en ene Ben Pieterse van U.S. het veral in die oog gevang in die besprekinge. Dit val egter moeilik om uit te sonder.

'n Besondere goeie gees was merkbaar tussen die kongres en die aantal waarnemers.

## *Briewe van . . . Ons Kritici en ander lesers*



## Niks Hoegenaamd

## SAMEWERKING IN SUID-AFRIKA

Uit die afgelope Kongres te Pretoria het dit vir die waarnemer duidelik geword dat daar 'n verlange bestaan aan die kant van die Afrikaanse Universiteite om saam te werk met die Engelse Universiteite in belang van Suid-Afrika.

**'n Diepe bewustheid van die probleme van die Unie, was deurentyd merkbaar, en die Kongres het met leedwese kennis geneem van die beswadderende bedrywighede van die Hoofbestuur van NUSAS oorsee.**

Die verlange tot samewerking is egter nie eensydig nie.

Uit onderhoude met die verskillende waarnemers het geblyk dat die Engelse Universiteite die wrywing wat daar nog bestaan tussen Engelssprekendes en Afrikaanssprekendes in 'n baie ernstige lig beskou. 'n Goeie barometer hiervan is miskien die woorde van C. R. Baillie van Rhodes:

**"Rhodes is concerned that there should be a greater measure of cooperation, contact and trust between English and Afrikaans speaking students. This then is also one of the main reasons for Rhodes's sending of observers to the Congress."**

Rhodes is natuurlik lid van NUSAS. Oor NUSAS se anti-Afrikaanse bedrywighede oorsee het mnr. Bailie die volgende kommentaar:

**"The allegations against NUSAS leaders together with any relevant evidence will be brought before the Rhodes Students Representative Council, and, we hope, the NUSAS conference — as this is the first time that these things have been brought to our notice.**

**Maak vryelik gebruik van die geld-of-lewe-beginsel . . . . .**



## A.S.B.-KONGRES TE PRETORIA

Normaalkollege, Pretoria, het gedurende die afgelope kortvakansie as gasheer opgetree vir die A.S.B.-kongres en Kunsfees.

Behalwe vir afgevaardigdes van die verskillende Afrikaanse Universiteite is die Kongres ook bygewoon deur waarnemers van die Universiteite van Natal, Rhodes en Wits. Ook van die Joods-sionistiese federasie van S.A. is waarnemers afgevaardig.

### DIE P.U.-AFVAARDIGING OP DIE KONGRES



**RASSIE SMIT is aan die woord, en regs voor sit Hennie van der Walt wat gekies is as Vise-president van die A.S.B.**

## Johan Tree Uit

Johan van der Vyver, vir drie jaar President van die A.S.B., het hom nie weer verkiesbaar gestel nie.

Sy naam is inderdaad met dié van die A.S.B. verweef — 'n organisasie waarby hy homself hart en siel ingewerp het. As President was hy beide plaaslik en oorsee 'n puik ambassadeur vir die saak van Suid-Afrika.

Die Kongres het eenparig drie minute lank in staande ovasie sy dank aan Johan betuig.

Die nuwe President is Mnr. Johan Strauss van Pretoria, en die vise-president Hennie van der Walt, ons S.R.-voorsitter.



**JOHAN van der VYVER, drie jaar lank President van die A.S.B., wat vanjaar die tuig aan Mnr. Johann Strauss oorhandig het.**

## DIE AFRIKAANSE STUDENT MOET BREËR KYK

**Wêreldtoestande** beskrywe nie toestande tussen Kaappunt en die Limpopo nie — tog is die Afrikaner en ook die Afrikaanse student jammerlik min op hoogte van dinge wat aangaan buite sy eie landsgrense.

Dit is in kort die strekking van 'n paragraaf uit die verslag van die President van die A.S.B. voor die kongres, gehou te Pretoria.

Dit is tyd dat daar belangstelling na buite getoon word. Suid-Afrika is **nie** 'n geïsoleerde kolletjie op hierdie planeet nie.

As ons nie begin besef dat ons land deel vorm van 'n groot, ingewikkelde wêreldptroon nie; as ons nie begin besef dat die skommelinge daarbuite ons wel deeglik affekteer nie, dan is die toekoms inderdaad duister.

Meer kennis van toestande buite ons landsgrense is nodig.

Hoe kan mens anders toestande in Suid-Afrika in perspektief sien en beoordeel?




**Unie-Bakkerye**

Posbus 244—Tel. 167 en 1086

**Bakkers en Banketbakkers**
BROOD, KOEK EN PASTEITJIES

KERKSTR. 60 — POTCH.
Spoorwegstr., KLERKSDORP

# OUD-STUDENTE!



Gegroet!

Soos verlede keer beloof, volg hierdie keer 'n sappige brokkie — wag maar tot u sien wie die skrywer van die onderstaande brief is!

Ons hartlike dank aan almal wat so vriendelik gereageer het op ons beroep op u. Weet u miskien van nog mense wat belangstel en wie ons nie kon bereik nie?

Maar wag, ek praat te veel.

Ds. Tokkelok van der Walt (wie sal hom ooit vergeet?) skryf soos volg:

„Dankie vir u belangstelling om vir my 'n WAPAD te stuur.

„Ek dink, gesien in die lig van die feit dat die Puk oor twintig jaar ontslae gaan wees van al sy wapaaie en miskien deurgaans teerpaaie gaan hê, moet u al daaraan begin dink om u „amptelike orkaan" TEERPAD te noem.

„U kan sommer die Puk se teermasjien gebruik as embleem op die voorblad in die linkerkantste voorste hoek. Dan is daar mos nog genoeg plek oor vir oliekolle en kettingversperrings.

„So 'n blad sou meer modern vertoon en aanpas by ons satelliet-era.

„Na goeie somme het ek besluit om 5/- uit my petrolgeld en 5/- uit daardie ou belegginkie vir die toekoms (julle weet mos daardie geldjies wat gewoonlik na Stern's toe gaan — nie vir Pine tar en Honey nie) afgeknyp om op Die 'Pad in te teken.

„Dit sal vir my aangenaam wees om die ‚New Look'-WAPAD te ontvang en kontak met die Alma Mater te hou.

„Wees maar op die uitkyk — ek kom een van die mooiweerdae daar by julle vakansie hou. Die Puk bly maar die lekkerste vakansieoord — veral as mens moeg gewerk is.

„Groete aan al die Pukke!"

Tokkie — jy moet die Puk **nou** sien: kettings was nie genoeg nie. Hulle het vir 'Vleuel afgekamp met doringdraad, en voor die Hoofgebou het hulle 'n takkraal opgeslaan. Die Dekaan van dié Fakulteit is voorwaar bedrywig.

Baie dankie ook Ds. W. Venter van Middelburg vir u vriendelike brief. Ek hoop om volgende keer ál die lesers te laat saam lees daaraan. Ek dink u siening van die beskermende houding teenoor ons ou groenerigetjies is uiters stimulerend en baie nodig!

Tot volgende keer dan: stywe lyne!

## A.S.B.-KUNSFEES, PRETORIA, APRIL 1959

Weer eens is tydens die A.S.B.-kongres 'n Kunsfees gereël: 'n fees wat die room van ons land se studentetalent na vore laat tree het en waar 'n hoë standaard gehandhaaf is. Dit is egter betreurenswaardig dat die P.U. nie so goed verteenwoordig was tydens hierdie fees nie. Nietemin het die Pukke wat wel deelgeneem het hulle kleure gewys soos blyk uit die volgende uitslae:

**Voordrag:**
Karien Potgieter (Tweede en derde plek);
Trudie Gey van Pittius (Tweede en derde plek);
Ludi Kruger (Tweede en derde plek).

**Beeldende kunste:**
Enid Rautenbach (Tweede en derde plek).

**Skaak:**
P.U.-span (Tweede plek).

**Redenaarskompetisie:**
Idyll van der Walt (Tweede plek).




OP U PAD . . . .

**Die Welkom-kafee**

'N STUDENTEKAFEE!

* * *

**H/v. President en Von Wiellighstrate.**



**Geen Verwarmers toegelaat?!**

Ontsteek 'n hopie KOLE, SMITSKOLE, of ANTRASIET van

**Stander & Linder**

**Wolmaransstr. 77 Tel. 368, 367**

in u kamer!




# Brokkies uit die Kunswereld

## BOEKRESENSIE

**Brink, A. P.: DIE GEBONDENES.**

Afrikaanse Pers-Boekhandel 1959.

DIE GEBONDENES, 'n historiese roman van die jong skrywer André Brink, het die onderskeiding behaal dat dit bekroon is met die tweede prys in 'n Uniale historiese romanwedstryd van die V.L.V.

Dit was die skrywer se doel om 'n besondere stuk geskiedenis 'n algemeen menslike geskiedenis te laat word, en wel in die hoofliguur Alwyn. Wat op die eerste plan die ideaal van 'n groep mense is om vry te word van 'n sekere menslike gesag en van die politieke en staatkundige probleme wat daaruit voortvloei (dit gaan hier om die grensboere wat die land dieper intrek op soek na vryheid), word op die tweede plan die drang van **'n mens** wat sy historiese bepaaldheid verloor en wat vry wil word van alle menslike bande, selfs van die band van die liefde wat ook tog maar die mens onvry maak. Die slot van die roman is 'n verrassing: die hoofliguur het nooit ingesien dat die konsekwensie van sy vryheidsverlange die dood is nie. Hy sterf dan ook uiteindelik. Hy sterf onmiddellik nadat hy sy vryheidsideaal gedeeltelik prysgegee het en besluit het om hom deur die band van die liefde en van 'n alledaagse, ideaallose bestaan te laat bind. Dat die dood, d.w.s. die finale vrymaking, moet intree na só 'n besluit van oorgawe aan die gebonde lewe, dit gee aan die klimaks 'n besondere waarde. Ewe verrassend is dit dat Alwyn in sy sterwensoomblik, in die oomblik dus van sy vrywording, sy ideaal prysgee as hy roep na die meisie wat hy veel vroeër in sy lewe prysgegee het ter wille van sy vryheidstrewe, die meisie naamlik wat hy laat agterbly het toe hy die binneland saam met die ander grensboere ingetrek het. Dit het ook 'n besondere sin dat Alwyn sterf deur die toedoen van dié mag wat vir hom, die vryheidsoeker, op aarde niks anders as 'n beslommernis was nie: hy sterf onder 'n onverwagte aanval van Zoeloes. Die vryheid het wel gekom, maar vir Alwyn op 'n onverwagte manier, op 'n onverwagte moment en veral in 'n totaal onverwagte vorm.

Jammer dat die hele roman nie op dieselfde peil beweeg as die slot nie en in die grootste gedeelte daarvan nie van dieselfde talent getuig nie. Met die selfde visie kon ons net sowel 'n goeie novelle of selfs 'n kortverhaal gekry het. Mnr. Brink wou beslis nie 'n idealiserende historiese roman skryf nie. Heel bewus en selfs opsetlik disidealiseer hy die mense uit 'n veel geroemde tydperk van ons geskiedenis. Die dade van party karakters is plekplek onmaatskaplik, lafhartig, laaghartig, selfs immoreel en ongodsdienstig. My vraag is: is hierdie disidealisering (wat origens in 'n roman sy waarde kan hê) op sy plek waar dit die skrywer aan die ander kant (en dit is beslis sy hooftaak in hierdie roman) daarom te doen is om aan die strewe van die geïdealiseerde hoofkarakter 'n universele inhoud te gee? Is hierdie afbreek van die algemeen aanvaarde ideale beeld van 'n deel van ons voorouers nie maar 'n negatiewe bedryf wat niks met die grondkonsepsie te make het nie?

Op so baie bladsye is die klein menslike bedryf sonder enige dieptewerking, niks anders nie as gestoffeerde historiese verhaal, meer histories as roman. In die grootste gedeelte van **Die Gebondenes** is daar weinig voortbeweging, gebeur daar weinig van belang, staan alles stil behalwe die tonge van die mense. Dit is 'n roman waarin daar te veel gepraat word; dit het uitsonderlik baie dialoog, wat die blote beskrywing van historiese toestande (let wel: nie gebeurtenisse nie) moet verbloem. In hierdie boek, waarin die skrywer die gebeurtenisse op 'n meer verhewe, groter en grootser plan wil uithef, gaan dit al te dikwels om nietighede wat onmoontlik stygkrag het. Die kort sinne en paragrawe is vir my 'n teken van die gebrek aan sintese.

Die taalgebruik is soms presieus. Die skrywer wil die taal op 'n oorspronklike manier hanteer en daarom gebruik hy 'n woord soms in 'n ongewone funksie (die snw. byvoorbeeld as ww.), maar nou is dit jammer dat hy die ongewone taalgebruik só volgens program en só veelvuldig toepas dat dit weer doodgewoon word en sy trefkrag verloor. Teenoor die strewe na 'n oorspronklike taalgebruik staan die baie voorbeelde van oorbekende boeketaal: die meisie wat **ligvoets** draf, of **spartel** in die **sterk arms** van die minnaar, of die huilende tante wat 'n voorskootpunt na die ooghoek bring.

Die roman begin met 'n onaanneemlike situasie: Alwyn en Jennifer wat so lank naby mekaar gewoon het sonder dat hulle mekaar se geselskap opgesoek het.

Ek vertrou dat ek nie te veel besware genoem het nie (daar is nog meer), ek glo dat die skrywer alleen daarby gebaat kan wees. Hy het iets belangriks te sê in sy werk, sê dit net nie altyd op die regte manier nie, of sê te veel ander dinge. Ek het waardering vir sy werk, veral vir die sake wat ek aanvanklik genoem het. As jong skrywer is hy belowend — maar 'n skrywer (of die skrywer se kritikus) mag nooit agter jeugdigheid skuil nie: van die grootste skrywers het op sestienjarige leeftyd wêreldliteratuur gemaak!

T. T. Cloete.

## SUK-TRIO

**DIE KONSERT:** Die Tskeggoslovakiese Suk-trio onder beskerming van die P.U.-musiekvereniging.

**DIE PROGRAM:** Variasies in G-majeur. (Beethoven). Trio, **opus 67 (Shostakovitch). Trio no. I in B-mol (Schubert).**

**DIE KUNSTENAARS: Josef Suk (viool), Milos Sadlo (tjello), Jan Panenka (klavier).**

Die Suk-trio se puik uitvoering is gekenmerk deur diepte en spontaneïteit van gevoel, fyn musikale begrip en dryfkrag, ongekunsteldheid van vertolking en goeie ensemble-werk.

Die „Kakadu"-variasies van Beethoven is gebaseer op 'n baie ligte en luimige melodie: "I am the tailor of Kakadu." Die tjellis het die aanvanklike liriese tema met artistieke ontboeseming vertolk en het later met die violis versmelt in 'n ligsinnige en komiese dialoog. In hierdie vertolking het die trio nie opgetree as g e s a m e n t l i k e klankliggaam nie, aangesien die tjello die dominerende en toonaangewende instrument was. Die resonansie van die klank was hier beperk en het glad nie die gewenste drakrag gehad nie.

Die dinamiese en atmosferiese gehalte van die Shostakovitch is verewig deur die Trio se uitstekende tegniek, diepte van gevoel en die algehele harmonisering van hul subjektiewe aanvoeling vir die hipnotiese Oosterse ritmes. Hierdie basiese en strukturele ritmes is baie goed weergegee deur die snaarinstrumente. Die individualistiese optrede van elke instrument gepaard met goeie ensemblewerk en amper orkestrale toonproduksie, was onoortreflik.

Die Schubert-trio was die gunsteling van die aand gewees. Die Suktrio het hierin opgetree as 'n uitstekend geharmoniseerde klankliggaam. Dit was 'n loutere genot om te luister na die kunstenaars se gevoelskakerings en delikate nuansering van die fyn motiewe-spel en modulasies in hierdie komposisie. Die toonproduksie in die Andante, die luimige en ritmiese geskerts van die instrumente in die veglustige Scherzo, die speelse astrantheid van die klavier en die lompheid van die tjello in die Rondo, was uiters musikaal weergegee.

Die Scherzo van Dvorak het as toegif op die stormbui van applous gevolg — dit was 'n baie mooi huldegebaar van Josef Suk om 'n komposisie van sy wêreldberoemde grootoupa, Dvorak, te speel.

In hierdie uiters geslaagde uitvoering van die Suk-trio het 'n mens voorwaar kamermusiek in al sy ryke dimensies leer ken.

## 18 April 1959: Gradedag

### P.U. Ken 290 Grade Toe

Wanneer die jaarlikse gradeplegtigheid van die Universiteit op Saterdag, 18 April plaasvind, sal 290 studente grade ontvang. Dit is die grootste getal graduandi wat die Universiteit nog ooit gelewer het.

Van die totale 290 grade wat toegeken word, ontvang 190 studente Baccalaureus-grade, 66 Honneursgrade, 22 Magister-grade, 11 Doktorsgrade, en daarby word 'n eredoktorsgraad ook toegeken.

Hierdie eredoktorsgraad word aan Ds. H. J. R. du Plessis toegeken wat die graad D.Ed. (Honoris Causa) ontvang. Aan twee persone sal op die plegtigheid twee grade tegelyk toegeken word, en albei ontvang grade met onderskeiding. Mnr. N. T. van der Merwe ontvang nl. die grade Honns.-B.A. in Latyn met onderskeiding, asook M.A. in Wysbegeerte met onderskeiding. Mnr. A. P. Brink ontvang die grade Honns.-B.A. in Afrikaans met onderskeiding en M.A. in Engels, ook met onderskeiding. Dit dien egter vermeld te word dat bogenoemde twee persone nie die studies vir die twee onderskeie grade gelyktydig voltooi het nie.

Vir die eerste keer in die geskiedenis van die Universiteit, word die grade B.Sc.-Farm. en Honns.-B.Sc.-Farm toegeken. Twee studente ontvang eersgenoemde en een laasgenoemde. Die kursus is vier jaar gelede aan die Universiteit ingestel en genoemde studente is die eerstes wat dit voltooi het.

# *Vreugde-Hallusinasies*

'n Etmaal bestaan uit vier-en-twintig uur, waarvan 'n gedeelte dag en 'n gedeelte nag is. Gedurende die dag skyn die son as dit nie bewolk is nie. Gedurende die nag skyn die maan of dit skyn nie. As dit skyn, bring dit vreugde. Maar dis 'n afgeleide vreugde. Die maan is 'n weerkaatsing of iets van die son. So sê hulle. Dis glo so iets soos wat blondheid 'n weerspieëling is van haarkapstersvernuf. Ek weet nie so goed nie, want bedags slaap ek en snags kan ek nie sien nie.

Hoe dit ookal sy, op vreugdedag sien ons tussen die floppe party keer ook vlotte. Dit is weer 'n produk van die nag. Of dit nou 'n Vreugdenag is, weet ek nie. VreugdeDAG-bestuur weet ook nie. Hulle opereer net in die dag. Dit lyk my ons moet ook 'n Vreugdenagbestuur kry. Die heel beste sal miskien 'n Vreugdeweekbestuur wees. Die beswaar daarteen is dat dit Gradedag miskien in die wiele kan ry. Die moeilikheid sal nie wees om 'n dag te kry nie. Maar 'n dag help nie veel as daar nie grade is nie. 'n Graad bring wel vreugde, maar vreugde bring nie 'n graad nie. Daar is dus net 'n graad verskil tussen Gradedag en Vreugdedag. Nou weet ek nie wat ek wou gesê het nie. Dit voel al vir my of iemand op my spioeneer.

## SOSIALE INTEGRASIE

Ek wonder. Wat? As hier 'n blonde spioen was, met wie sou sy kys? Ek is byna seker dit sou met **Willem Gronum** wees. Ongelukkig is hy weer gelukkig gekys met **Lien Fivaz**. Miskien sou **Hans van Zyl** tweede keuse wees. So van Hans gepraat, hy sê hy gaan nie weer vanjaar „Swônie Ribber" bou nie; hy gaan 'n vlot bou, want alles het vlot verloop; **Karien Potgieter** sê hulle is gekys en Hans beaam dit natuurlik. As derde keuse sou Blondie seker 'n sirkulasiebestuurder verkies. Ongelukkig het **Sannie C. J. Smit** die enigste sirkulasiebestuurder, **Rassie Smit**, uit sirkulasie onttrek. (Laat daar nie van die 'Pad se redaksie gesê word dat hulle nie sosiaal is nie!—Red.). Angesien sy (dis nou weer die nimlike Blonde) nie 'n S.A. Atletiekkampioen is nie, kan sy ook nie vir **Bok Fourie** kry nie. **Alta de Kock** is een ('n kampioen, nie 'n spioen nie!) en sy het hom. Dit lyk my al wat oorbly is **Schalk Hoogenboezem** en hy kan nie eers 'n vlot bou nie!

## RESTRIKSIES

Hoekom is daar nie 'n blonde spioen op die Puk nie? Ek weet. Sy kan nie hier beweeg nie. Oor grasperke mag niemand loop nie en elders is doringdraad-versperrings. Bou nou 'n vlot onder sulke omstandighede! O-ja, voor ek vergeet, **Bertie Reyneke** en **Adriana Venter** het gekys geraak. **Aubrey Muller** en **Rita Jooste** ook. Wie gaan vlotte bou as die kysery so aangaan?

## *Met die Oog op 'n Ideaal . . .*



word in dieselfde verskuilde tipe **PRIVATIO** allerlei bekooksels fyn dopgehou . . . .

## Aparte Universiteite?

Ek dink ons moet 'n aparte universiteit oprig vir verloofdes. Dan kan **Hannes van der Walt** rektor wees en **Susan du Plessis** rektrise met **Piet van Heyningen** registrateur en **Rina Schutte** registratrise. **Ds. Peet Smit** sal seker voorsitter van die Raad wees. Dis al raad vir hom om naby sy verloofde, **Baba van der Merwe** te wees. Hulle kort nog net 'n Vreugdedagvoorsitter. Dan kry ons 'n blonde spioen om die hele klomp te „spy". Ons hoop egter nie sy „spy"(ker) te veel op Vreugdedag nie!

## Regering Val!

Die regering van Vreugdedag het ernstig begin soek na 'n blonde spioen op die Puk. Hulle wou haar soos 'n Vader Krismis vermom om die seuntjies van Gatland te vermaak. In hulle soektog het hulle nie alleen gefaal nie, hulle het boonop geval toe hulle die gekettingde hoofweë betree het. 'n Ketting oor 'n pad laat 'n mens sleg val en hulle het sleg geval. Intussen is die blonde gesoekte nog op vrye voet.

(Die Puk is nog beketting. Takkrale is voor die Hoofgebou opgerig. Wanneer stel ons 'n petisie op? —Red.).

## LINKSE ELEMENT OP-EN-WOES

Hulle is weer aan die werk. Deels ondergronds. Hulle het die kleinste wat hulle kon vind, aangegryp. Hulle het **Maarten van der Walt** geneem en hom soos 'n blonde spioen vermom. Hulle wou daarmee 'n prys vir die bes afgeronde vlot wen.

Die vlot het moeilik beweeg. Gelukkig vir hulle was die paaie tydelik ongeketting. Hul segetog is egter gestuit deurdat die vlot by geen hek kon uitkom nie. Die „Bulldozer" is ingeroep. Ongelukkig skrik dié op die pad vir Frans of iemand en slaan om. Die hele plan het toe deur die mat geval. Die plan word nog gesoek. Vermoedelik het dit in 'Vleuel en Gatland se fietsskuur geval, want dié skuur is intussen gesteel. Ondersoek sal glo tussen Gradedag en Vreugdedag ingestel word. Die vlot is weer afgetakel en ons is nog steeds blondloos, spioenloos.

## REKORDS WAAI

Op Vleuel se interindiwiduele duikkampioenskappe het die brein agter Vreugdedag se droefheid, **Peet Oescher**, 'n verspringrekord opgestel. Daarvoor kry hy 'n eregraad op Gradedag. Dis nie ál nie. Dis 'n rekord om sonder 'n blonde spioen te wees. Hier is nie eens 'n blonde of gekleurde skerpioen nie, hier is te veel bobbejane daarvoor. Die beste contradictio in terminis tot op hede? Vreugdedag sonder vlotte en kollektante!


Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

TOMSTRAAT 92
POTCHEFSTROOM
Telefoon 1389.

ONS SPESIALISEER
IN DRAG VIR
JONG DAMES, VERAL
**KERKDRAG**

**Nomottawol**
IN VOORAAD.






**MOENIE SOEK NIE!**
**'n Oud-P.U.-Kaner het dit REEDS gevind**
**Aptekers J. P. van der Walt**
(EDMS.) BPK.
POTCHEFSTROOM SE MODERNSTE APTEEK
Kerkstraat 118 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 929



Merkwaardig!
Vriendelike diens!
Vriendelike mense!
**Die SENTRALE GARAGE**
Potgieterstr. 39. Tel. 41
VANSELFSPREKEND!

Drink die beste!
- PEP-A-GUAVA
- PEP-A-DILLA
- TING-A-LING
- TOPHAT

PEP-I-DOO

S & S
Drink
- SUPER ORANGE
- FRESH ORANGE

Foon 16 en 1144 - - - - Posbus 134
**POTCH MINERAL WATERS**

MOENIE.....



MET 'N KOUE PAMPOEN OM DIE BOS GELEI WORD NIE!
**CORNER FRUIT STORE**
„U KEN ONS!"



**AITSA!**
As die DAMES so sê
Koop die Jongeheer sy klere
by—
**J. TOD SUTTIE**
Kerkstraat 177 — Tel. 1
POTCHEFSTROOM.



**GRADEDAG!**
'n dag om te onthou
met
'n FOTO van
**BEYERS CLAASSEN**
Lombardstraat 52

*Rugby*

# PUCHO'S VERSLAAN LICHTENBURG

PUCHO'S (as u nie weet nie, dis nou eintlik wyle THEOS) het Saterdag amok gemaak en verlede jaar se kampioene, Lichtenburg, met 27-6 verslaan. Pragtig! Hou so aan!

**Toy Dannhauser** het homself weer eens getoon as een van die sterkste aanspraakmakers op Wes-Transvaalkleure deur nie alleen 'n goeie wedstryd te speel nie, maar **vyftien** punte met sy skoen aan te teken. Drieë is gedruk deur **Mic Moolman, Bok Fourie, Piet Steinberg** en **Herman Venter.**

Pucho's (u moet net eenvoudig gewoond raak aan die nuwe benaming!) het met sprankelende spel vorendag gekom en hulle teenstanders van hulle voete afgespeel. Manne wat baie belowend voorgekom het, is **Maarten van der Walt** en **Herman Venter** in die lynstane en **H. B. van der Walt,** ons nuwe regtervleuel.

'n Skitterende vonds is die nuwe losskakel, **Piet van der Schyff,** wat met die nodige ondervinding in 'n groot speler kan ontwikkel. Hy en Fourie behoort 'n uitstekende kombinasie op te bou.

As PUCHO'S (ek hoor alweer iemand sê „sies!") so aanhou, behoort die Neser op die laaste massavergadering aan Frans de Bruyn oorhandig te word. Ons beste wense vergesël hulle!

**ANDER UITSLAE:**

Navy 9 — Lichtenburg 3.
Fires 14 — Lichtenburg 8.
Tekkies 9 — Witrand 5.

**Naskrif.**

PUCHO'S — spreek uit: Puu-gôs. (Ek is jammer . . . ).

## Die Ideaal . . .



*Uitgeskud*

**Moenie ophou voor hulle só lyk nie.**

# Dameshokkie— EERSTE WEDSTRYD MÔRE

Die winterseisoen het aangebreek — met taamlike bedrukte gevoelens onder die speelsters: daar is 'n leemte gelaat deur sovele goeie spelsters wat ons verlaat het.

Na die vakansie kom almal natuurlik stralend en spekvet terug, maar o, wee! Hulle kan beswaarlik eenmaal om die hokkieveld hardloop! Hierdie moeilikheid is darem gou uit die weg geruim nieteenstaande al die geklaery.

Wat die eerstejaars betref kan ons verseker wees van 'n paar knap speelsters: enetjie wat sommer groot maats is met die hokkiestok is Alberta Howell.

Jo Schoeman is sommer 'n groot aanwins vir die hokkieklub. Ons voorlyn is voorwaar 'n groot verbetering op dié van verlede jaar.

Dit gaan 'n hokkiesiesoen duisend wees! Ons sien uit na die dag wanneer ons weer die Vrystaters aandurf. Hulle sal hulle sokkies moet optrek of hulle rompies moet langer maak.

Die eerste wedstryd begin ook reeds Saterdag, en almal is slaggereed vir hierdie groot middag. Die eerste span durf ons vriende, Pote, aan. Elkeen is deeglik daarvan bewus wat van haar verwag word, en ek is oortuig daarvan dat elkeen net haar beste sal lewer.

Laat hierdie jaar vir ons wees 'n jaar van opwinding, pret, harde werk en sukses.

Jeanne Venter.




**Ons maak 'n klankie vir**
**Kollege Kontantwinkel**
**SOMMER HIER BY U!**
**Tel. 2912.**

**REBA-KAFEE**
**Tomstraat 88**
DORS?
HONGER?
Bestorm ons om kronies versadig te raak.

**J. du Raan**
**HORLOSIEMAKER EN JUWELIER**
Gewaarborgde Herstelwerk aan Horlosies deur G. Barth wat sy opleiding in Duitsland geniet het.
**KERKSTRAAT 161**
**SPESIALE AFSLAG AAN STUDENTE**



DIS FEESTYD
MET
**TURKSTRA**
SE GEBAK!




**JANET says:**
for: • SWEETS
• GRILLS
• COOLDRINKS
Take me to the —
**Grand Cafe, President Cafe, or Van Riebeeck Cafe.**




Vir u
• **FIETSE**
• **BROMFIETSE**
• **MOTORFIETSE**
• **TIKMASJIENE**
**ens.,**

Kom na—
**J. HEIDEMA**
**POTCHEFSTROOM**
**Telefoon 364.** **Kerkstraat 48.**




DAAR IS GOEIE
REDES VIR DIE
MEESTERGROOTTE

Rembrandt MEESTERS
FILTER DE LUXE

RMFA 16

„LIEWE INGRAM, EK VERLANG"
BESOEK —
**INGRAM SE DRANKWINKEL**
Allerlei • **WYNSOORTE, BIER en STERKDRANK**
asook • **KOELDRANKE en VARS LEMOENSAP**
(5/- 'n halwe kan — 9/6 per gellingkan)
„**EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN**"